REEKS: DIE HUISGESIN VAN GOD
Tema: *Die Huisgesin van God vergewe mekaar*
14 Mei 2006, Ds Freddie Schoeman

'n Baie bekende TV-persoonlikheid het onlangs die volgende op Kletskerk, die Kerkbode se geselsforum, gesê:

> *Ek is moeg daarvoor dat die kerk nie meer erns maak met sonde nie. Saamwonery, egskeiding en homoseksualiteit word toegelaat, en daar is nie meer kerklike tug of sensuur nie. Halwe waarhede word tydens die wetsvoorlesing en vryspraak verkondig, en daar word ook nie oor sonde gepreek nie. Wat het van die kerk geword, en wat leer die teologiese studente deesdae op kweekskool? Dit het tyd geword dat die kerk sonde by die naam noem, met wortel en tak uitroei en diegene wat hulle daaraan skuldig maak, swaar straf. Daar staan immers geskrywe: die Here tugtig diegene wat Hy liefhet. As dit nie gebeur nie, verloor die kerk sy geloofwaardigheid.*

Op 'n ander plek het dieselfde persoon ook die volgende gesê:

> *Die NG-kerk maak nie erns met sonde nie. Kinders wat buite die huwelik gebore is, word gedoop, homoseksuele mense word as lidmate toegelaat, selfs ook as predikante, en as daar 'n saamblyery of egskeiding is, word dit maar net toegesmeer, of selfs goedgepraat. Ek gee nie om wat die Grondwet se^ nie: daar MOET teen hierdie mense gediskrimineer en opgetree word. Dieselfde geld die Polisiekargroep. Hulle is blatante Godslasteraars, en hul naam se^ dit al klaar vir jou. Hoekom is daar nie massas wat by hul konserte betoog nie? Hoekom word daar nie meer sensuur oor die radio toegepas nie? Het die kerk, of die Christenbevolking dan slap geword? Is hulle net Christene in teorie, omdat daar glo geen alternatief is nie, of omdat dit nie politiek korrek sou wees om te erken dat jy nie een is nie? WANNEER gaan 'n NG-predikant ooit uit Eksodus 20 preek, en diegene wat nie daarvolgens lewe, vorentoe roep sodat hulle uitgewys kan word, en opnuut 'n verbintenis tot die Here kan maak, of diegene wat dit nie wil doen nie, summier uit die kerk uit jaag?*

Ek ken die persoon wat dit geskryf het as 'n baie liefdevolle persoon en 'n goeie mens; en ek het 'n vermoede dat baie mense met hierdie persoon sal saamstem. Baie mense beskou die kerk immers as *die*

instansie wat die sonde moet beveg. Is die kerk dan nie die morele polisieman van die wêreld nie?

Is dit die rol van die kerk in die wêreld?

Philip Yancey, in sy boek *The Jesus I never knew*, vertel van wat met 'n vriend van hom gebeur het. Hierdie vriend het onder die hawelose mense van 'n groot Amerikaanse stad gewerk.

Hy vertel dat 'n straatvrou na hom toe gekom het. Sy was in haglike toestand. Sy was haweloos, siek en nie in staat om kos vir haar twee jarige dogter te koop nie. In trane het sy vertel hoe sy haar dogter - twee jaar oud! - aan mans uitverhuur het om geld te kry om dwelms mee te koop. Hy het nie geweet wat om vir haar te sê nie. Uiteindelik het hy vir haar gevra of sy ooit daaraan gedink he om na 'n kerk toe te gaan vir hulp. Hy sê hy sal nooit die uitdrukking op haar gesig vergeet nie. Geskok, het sy uitgeroep: "Kerk!? Hoekom sal ek soontoe gaan. Ek voel reeds ellendig oor myself. Hulle - die kerkmense - sal my net erger laat voel.

Is dit nie in skrille kontras met die Jesus nie? - skryf Yancey. Sulke mense het in sy tyd juis ná Hom te gevlug, nie weg van Hom af nie. Maar dit lyk asof mense vandag weg van Jesus te volgelinge af vlug.

"Save me from your followers" - was die uitroep van iemand iewers.

Ons kyk vanoggend na die eerste aspek van ons verhouding met mekaar. Die basis - dit wil sê die fondament waarop ons verhouding met mekaar gebou word, naamlik GENADE. Nie ons genade nie, maar God se genade vir ons.

> *7 Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. 8 Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. 9 Híerin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. 10 Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.*
> *11 Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. 12 Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.*

Ons liefde vir mekaar vloei voort uit God se liefde en genade vir ons.

- God aanvaar ons onvoorwaardelik - ons moet ook
- God offer Homself op vir ons - ons behoort dit ook te doen vir mekaar
- God vergewe ons - ons moet ook
- God is ons genadig - ons moet ook genadig met mekaar wees.

Keer op keer lees ons hieroor in die Bybel:

- Romeine 12:10 Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.
- Romein 13:8 Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit.
- Romeine 14:13 Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie.
- Romeine 15:7 Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.
- Ef 4:2 Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.
- Ef 4:32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.
- Kol 3:13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.
- 1 Tes 4:18 Troos mekaar dan met hierdie woorde.
- 1 Tes 5:11 Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.

Maar is dit hoe die binnekant van die kerk lyk? Is die kerk 'n toevlugsoord vir sondaars? My gevoel is dat daar baie mense in die kerk is wat nie daarvan hou dat God 'n genadige God is nie - wat kwaad is vir God omdat Hy vergewe (soos Jona wat kwaad was vir God omdat Hy vir Nineve vergewe het [Jona 4:1-3]).

Baie mense is soos die oudste seun van die gelykenis in Lukas 15. Die houding en die gesindheid van die oudste seun word treffend uitgebeeld deur die skildery van Rembrandt.

Henri Nouwen merk die volgende op:

Die hooftoneel is die terugkeer, maar dis aan die linkerkant van die skildery - die oudste seun staan regs en kyk. Merk die afstand op. Sy gesig toon geen vreugde. Hy reik nie uit nie. Kom nie nader nie.

Ooreenkomste en verskille tussen oudste en vader. Dieselfde klere; optrede verskil. (liggaamshouding, mantel, hande, gesig)

Ons wonder: wat gaan in sy gedagtes aan? Die Fariseër se gebed: 'O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste.'

Jesus sê: 'n Persoon wat so bid, se verhouding met die Here is nie reg nie.

Baie mense in die kerk se verhouding met die Here is nie reg nie. Hulle houding en gesindheid is die van die Fariseër, die van die oudste seun. Hulle hou nie daarvan dat God genadig is nie.

Dis insiggewend om te verstaan dat Jesus die gelykenis van die verlore seun juis vir die Fariseërs vertel. Die aanloop tot die vertel van die gelykenis lees ons in Lukas 15:1

> *Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister.* [2] *Hierteen het die Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê: "Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle."*

Daar is vandag nog baie mense wat beswaar maak as die kerk sondaars ontvang. Soos die TV persoonlikheid waarna ek verwys het.

Dit het tyd geword dat die kerk sonde by die naam noem, met wortel en tak uitroei en diegene wat hulle daaraan skuldig maak, swaar straf.

En ook:

WANNEER gaan 'n NG-predikant ooit [sondaars] *summier uit die kerk uit jaag?*

Ek dink die dag as dit gebeur - dan sal die betrokke predikant heel eerste self uit die kerk moet loop en al die ander lidmate sal hom / haar moet volg - want ons is *almal* sondaars! As ons nie sondaars was nie, dan het ons nie die kerk of Jesus nodig nie. Die kerk is 'n plek vir sondaars - vir mense wat besef dat hulle sondaars is!

Daarom is dit vir Paulus 'n groot bron van hartseer om vir die gemeentes in Galasië te moet skryf: die wet sê jy moet jou naaste liefhê, maar julle byt en verskeur mekaar ...

Mark Twain vertel dat hy op keer 'n hond en 'n kat saam in hok gesit het om te kyk hoe hulle oor die weg kom. Hulle het toe. Toe neem hy 'n voël en vark en 'n bok. Na 'n paar aanpassings het hulle ook heel goed oor die weg gekom. Maar toe neem hy klomp kerklidmate en sit hulle in die hok - baie gou was nie 'n lewende siel in sig nie.

Die kerk is nie veronderstel om so te wees nie!

Hoe kan ek, 'n sondaar, 'n medesondaar veroordeel?
Hoe kan ek, 'n sondaar, ongeduldig wees met 'n medesondaar se sondes?
Hoe kan ek, 'n sondaar, onverdraagsaam met medesondaars se sondes wees?
Hoe kan ek, 'n sondaar wie se sondes vergewe is, dan nie ook ander vergewe nie?

Hoe lééf ons die waarde van GENADE teenoor mekaar? Hoe gee ons gestalte aan hierdie waarde in ons verhouding met mekaar? Deur mekaar te VERGEWE.

Wanneer ons prakties gestalte gee aan hierdie waardes - dan begin ons 'n lewe in oorvloed leef - 'n lewe van liefde, vreugde en vrede.